LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

OORGEE OMGEE AANGEE

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

12 Februarie 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Leopold van Huyssteen

6DE WEEK NA EPIFANIE

Fokusteks uit Leesrooster: **1 Kor 3:1-9**

RCL tekste: Deut 30:15-20; Mat 5:21-37
Ps 119:1-8

Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)
Louise Botha & Span

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:

ADMIN AAND
Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Leopold vir diens

- Bokkie Carstens, vir spoedige herstel na hartaanval
- Elaine Hobson vir spoedige herstel na hartaanval
- Cynthia de Wit (het voet gebreek)
- Retha van der Westhuizen (kanker)
- Paul Louw se kanker het weer gegroei
- Mathilda Stemmet in die hospitaal
- Ons bid vir reën en dat ons land die Here se aangesig gedurig sal soek, nie net in nood
- Vir huwelike wat deur die vyand vernietig word omdat dit God se hartklop is. Bid dat egpare sal vashou aan Hom wat die gom van 'n huwelik en gesin is.

FOKUSTEKS: 1 Kor 3:1-9

Waarom is die Korintiërs geestelik nog in die doeke, nog wêrelds? Daar is twee maatstawwe waarin hulle faal: Daar kom jaloesie en twis onder die Korintiërs voor; Hulle is verdeel in partyskappe, sommige vir Paulus en ander vir Apollos. Jaloesie kom weer terug in 1 Korintiërs 13 waar Paulus gaan sê die liefde is nie jaloers nie. Paulus begin reeds hier uitwys dat die Korintiërs faal om lief te hê, en daarom nog onvolwasse is en nie gereed vir die diep dinge van God nie. Hierdie gedeelte is vandag steeds aktueel vir elke Christelike gemeente. In hierdie verse ontdek ons waarom dinge dikwels skeefloop, en hoe om dit reg te stel. Ons is van nature (ons sondige natuur) geneig tot partyskappe en tot die afspeel van die een teenoor die ander. Ons is geroep om te dien en in gesonde verhoudinge met ander te leef. Die teks gaan oor niks minder as ons diepste Christelike identiteit nie. Daarom moet hierdie verse in verband gebring word met 1 Korintiërs 13, waar Paulus vertel hoe 'n lewe lyk wat gevorm is deur die liefde van God.

GEBEDSTEMA: FEB 2017

Week 3 – (12 Feb – 18 Feb)
Kunste en Media (Eksodus 35:35)
Hulle kan dinge ontwerp. Hulle weet ook om graveerwerk en borduurwerk en weefwerk te doen met blou, pers en bloedrooi wol en linne. **(1 Kron15:16)** Dawid het ook die Levietiese leiers opdrag gegee om hulle ampsgenote, die sangers, as n koor te organiseer. Hulle moes vreudeliedere met die begeleiding van liere, harpe en simbale sing. **Gebedsversoek: Dat** die Here deur middel van kuns ons gemeente kragtig sal gebruik om sy woord uit te dra. **Dat** mense wat geseen is met die gawe van kuns en musiek betrokke sal raak by die kerk. **Bid asb vir ons musiek span vir leiding en inspirasie.**

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/ koffie in die voorportaal saam met ons.



PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Nog by Kerkkantoor te koop tbv Voedselfeesfonds:

Lappieboontjies vir heerlike sop, sousbone en nog meer (500g @ R20)
Hoendermis @ R25 per kg: konsentreerd

DINAMIET KIEDZ: OMGEEPROJEK

Terwyl ons saam met die Kiedz in Droomland kuier saam met Vaak Klasie en Josef, wil ons ook graag minderbevoorregtes kindertjies help met hul droompies en daarom wil ons na die reeks ou Teddies en speelgoed asook toiletware skenk aan ‘n instansie wat kindertjies versorg

Mammas en Pappas kan die Dinamiet Kiedz aanmoedig om van hul ou speelgoed saam te bring om in die mandjie te gooi en miskien een sepie, tandeborsel of enige iets anders. Ons wil dit benadruk dat dit nie ‘n vereiste is nie en dat die Kiedz moet kom, al bring hul niks saam nie. Die res van die Gemeente kan ook deel wees van die projek en Sondae dit by ons in die saal kom afgee.
OORGEE, OMGEE, AANGEE!

Kontak: Sanel Woodward: 021 854 8276 OF 0827068642

Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as ‘n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes.

Vir meer inligting of navrae, kontak Annalie @ 021 853 5991

WEGNEEMETES: Vrydag 3 Maart (tbv ons Voedselfees)

Hierdie jaar is daar Kerrie & Rys @ R30, ‘n Jumbo Hamburger (heerlike bief patti van Flameros) @ R30 asook Pannekoek @ R5

Jou dienswerker sal jou besoek met die ete-opnames.

Satelietwyk lidmate kan kaartjies by kerkkantoor koop.
Kontak: 021 853 5991

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045

VERSOEKE:

- Een van ons Gemeentelede se seuns is op soek na 'n geleentheid na Bellville Campus in die week: Hy studeer by Prestige Academy, Bellville Business Park, DJ Wood Way. Kontak die kerkkantoor @ 021 853 5991

- Een van ons Gemeentelede is op soek na 'n geleentheid vir haar seun van en na Jan Kriel Skool. Kontak die kerkkantoor @ 021 853 5991

DIVORCE Care

DC4K™
DivorceCare for Kids

SINGLE& PARENTING™

RAAK EGSKEIDING OF ENKELOUERSKAP JOU GESIN?
Harmonie Uitreik Projek bied die DivorceCare, DivorceCare4Kids (3-13jr) en Single&Parenting aan. Dit is internasionaal erkende en inter-kerklike programme gegrond op Bybelse waardes om julle gesin te help met egskeiding of enkel ouerskap. Ons volgende 13 weke siklus skop af op Do 16 Februarie. Ons eet vanaf 17:30 lekker saam in die Tent en dan begin die onderskeie programme van 18:00-20:00
VENUE: Helderberg NG Kerk, Firmountstr 82, Somerset-Wes

Kontak: Corneille Barnard 0828230260 harmonyhelderberg@gmail.com.
Lees meer op http://www.churchinitiative.org.
Moenie alleen hierdie pynlike pad loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun.

GELUKWENSING:

Baie seën aan Pieter & Stella de Jager wat 'n agter-kleinkind, Lia Smith, ryker geword het op 2 Januarie 2017.
Baie seën ook aan die ouers.

DANKIE PAM GOLDING VIR DIE EKSTRA KLEUR IN ONS KOMMUNIKASIE ☺

Printing sponsored by Pam Golding Properties
Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za

PAM GOLDING PROPERTIES